SA Preemies lewer onmisbare diens

Annette Willemse

Die onlangse dood van ses vroeggebore babas in die Pelenomi-hospitaal in Bloemfontein het opnuut die soeklig op die oorlewingstryd van premature babas geplaas. 'n Ondersteuningsorganisasie is onlangs op die been gebring om die ouers van vroeggebore babas met raad en daad by te staan. Hierdie organisasie, SA Preemies, is enig in sy soort in Suid-Afrika.

VANDERBIJLPARK. - Die geboorte van 'n baba is 'n sonderlinge ervaring. Vir die ouers van 'n premature baba ('n baba wat voor 37 weke gebore word) is dit egter 'n onsekere tyd waarin hulle baie afgesonder en verwyder voel van die geboorteproses en die emosies wat daarmee gepaard gaan.

Aan die een kant ervaar hierdie ouers die vreugde van 'n nuwe lewe terwyl hulle terselfdertyd vrees vir die lewe van hul kind. Dit is hoe mev. Lavonne Prinsloo, uitvoerende beampte van SA Preemies, 'n ondersteuningsorganisasie vir ouers met vroeggebore babas, die gemengde gevoelens en innerlike worsteling van hierdie ouers beskryf. Sy behoort te weet, want sy het self dié paadjie geloop.

Prinsloo het in September 2001 geboorte geskenk aan 'n premature baba op 34 weke en omdat daar géén ondersteuningsnetwerk vir ouers van vroeggebore babas was nie, het sy by 'n internasionale e-pos geselsgroep aangesluit.

Na 'n paar maande het Prinsloo tot die besef gekom dat ouers van premature babas in Suid-Afrika unieke behoeftes het en nie altyd aanklank by 'n internasionale groep kan vind nie.

Die nie-winsgewende organisasie, SA Preemies, is uit die frustrasie én leergierigheid van Prinsloo gebore en vandag lewer die organisasie 'n onmisbare diens aan hierdie ouers.

Die organisasie verskaf ondersteuning in sowel die openbare as private sektor vir ouers met vroeggebore babas terwyl hulle in die Neo-Natale Intensiewe Sorgeenheid vertoef asook gedurende die kind se ontwikkelingsjare.

Behalwe vir inligting vir die ouers en versorgers beywer die organisasie hom voorts om die publiek bewus te maak van premature babas en hul spesifieke behoeftes.

Volgens Prinsloo is die heel belangrikste diens wat gelewer word, die ondersteuning aan die ouers, veral aan ouers wat nie toegang het tot die gevorderde dienste wat benodig word nie.

'n Uitgebreide ondersteuningsnetwerk is in plek gestel en regoor die land vat die ouers van premature babas hande om ander te bemoedig en van raad te voorsien.

Hierdie ondersteuning vind plaas nie net op 'n persoonlike vlak met besoeke aan die hospitaal en ouerhuise nie, maar ook deur 'n 24 uur telefoondiens, 'n e-pos gespreksforum en die beskikbaarstelling van spesiale produkte soos doeke.

Vir meer inligting oor SA Preemies skakel (012) 333 1876 of besoek die organisasie se webwerf by www.sapreemies.za.org.

Interessant om te weet

* Statistiek toon aan dat 11% van alle babas prematuur gebore word.
* 83% van alle vroeggebore babas word tussen 32 en 36 weke gebore, terwyl 10% tussen 28 en 31 weke gebore word en 6% word voor 28 weke gebore.
* Met meerlinge vergroot die moontlikheid om geboorte te skenk aan premature babas tot 80% terwyl tweelinge oor die algemeen sowat 22 dae prematuur gebore word.

Nanelle (een jaar oud) saam met haar ma, mev. Yolande Aggenbag. Foto: Annette Willemse.